**Brief 10**

Rede vir kennisgewing: Uitstel van toegangsverlening - Artikel 24

Verw. no. : **Inrigting se briefhoof**

Navrae :

**KENNISGEWING VAN UITSTEL VAN TOEGANG INGEVOLGE ARTIKEL 24 VAN DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, 2000 (WET 2 VAN 2000)**

Ek verwys na u versoek om toegang tot bepaalde rekords van hierdie inrigting gedateer __________________ .

U word hiermee in kennis gestel dat die rekord waartoe u toegang verlang ongelukkig eers in 'n latere stadium beskikbaar sal wees. Toegang sal moontlik vir ________ dae uitgestel moet word.

**Toegang tot die rekord word om die volgende rede(s) uitgestel:***

- Dit word binne 90 dae gepubliseer/'n verdere tydperk van _____ dae sal nodig wees om die rekord vir publikasiedoeleindes te druk en te vertaal;

- Bogemelde Wet vereis dat dit gepubliseer word, maar dit is nog nie gepubliseer nie;

- Dit is voorberei vir voorlegging aan die Wetgewer of 'n bepaalde persoon, maar moet nog voorgelê word.

Ingevolge artikel 24(2)(a) van bogemelde Wet kan u binne 30 dae na ontvangs van hierdie kennisgewing vertoë aan die Inligtingsbeampte rig om vroeër as die uitgestelde datum toegang tot die versoekte rekord(s) te verleen. Hy of sy sal u versoek moet oorweeg aan die hand van die redes wat u daarvoor sal moet verstrek.

**ADJUNK-INLIGTINGSBEAMPTE**

**DATUM:**

***Skrap wat nie van toepassing is nie.***

Let Wel: Die uitstel kan ook met die artikel 25-kennisgewing gekombineer word, ingevolge waarvan toegang tot die rekord verleen word nadat die voorgeskrewe prosedure gevolg is, maar uitgestel is.